# Laerskool Duiwelskloof Primary

P/Sak - P/Bag X 715 • DUIWELSKLOOF 0835
015 309 9218
Admin
admin1@klofiesdwk.co.za
Finansies/Finance
accounts@klofiesdwk.co.za
Ontvangs/Admissions
angelique@klofiesdwk.co.za

18 September 2026

***OMSENDBRIEF 15/2026***

Geagte Ouer/Voog

Aan die einde van 'n bedrywige derde kwartaal gee ek graag die volgende inligting aan u deur:

1. Die Graad 6-leerders het 'n baie suksesvolle oornag-uitstappie by Blyde Avontuurkamp deurgebring en daar is groot waardering vir elke Klofie-leerder se gedrag.

2. Die Gr. 7-leiers het 'n heerlike afskeidsfunksie by die Eiland gehad.

3. **Sport**

   * Swem : Lara van Veelen word in die Limpopo span opgeneem.

   * Hokkie & Mini-Hokkie :

     Mini-Hokkie het aan 5 toernooie deelgeneem en pragtig presteer. Die 0/10, 0/11 en 0/13 Hokkiespanne het uitstekend presteer. Baie geluk aan elke span en afrigter vir julle harde werk. Die 0/10-seuns het deurgedring na die semi-finaal waar ons seuns in die finaal gespeel het. Ons seuns eindig tweede in die A-liga in Limpopo.

   * Tennis :

     Oefening het saam met die krieket begin op Maandae en Woensdae. Leerders het teen Unicorn Preparatory, Laerskool Tzaneen, en Dr. Annecke gespeel en ook aan dubbeltoernooie deelgeneem.

   * Gimnastiek : Jambrecht Venter is opgeneem in die Limpopo span..

   * Landloop : Herman le Roux, Cobus le Roux en Nic le Roux het die Limpopo-span (Lima) gehaal.

   * LLSV : Cobus le Roux, Nic le Roux, Nhlamulo Kubayi, Herman le Roux en Leané Strydom is in die LLSV-span opgeneem.

* Fietsry : Ons fietsryspan het baie goed gevaar en algeheel 10de geëindig. Caleb Schwartz het die Limpopo XCO-span gehaal en gaan in Stellenbosch op 29 en 30 September aan die SA-skole deelneem. Caleb jy maak ons baie trots!

4. **Akademie**

Leerders het aan die ATKV se "Lees 'n boek" -kompetisie deelgeneem.

5. **Leeskompetisie**

5 Grondslagfase leerders het aan die Limpopo Kampioenskappe deelgeneem en uitstekend gevaar. Baie geluk aan elke leerder.

6. **Kultuur**

* Baie van ons leerders het aan die MDDK Eisteddfod deelgeneem. Hulle het uitstaande prestasies behaal. Baie geluk!
* Art Festivus : Ons het 30 leerders gehad wat aan verskeie items deelgeneem het en baie goed gevaar het.
* ATKV-redenaars (Merensky) : 10 leerders het deelgeneem en waardevolle ervaring opgedoen. Die leerders het dit geniet en ons sien uit daarna om volgende jaar weer deel te neem.

7. **Dissipline**

Dit is met dankbaarheid dat ons terugvoering kan gee oor die dissipline in die skool. Daar word werklik hard gewerk om dissipline in die klasse en op die skoolterrein te handhaaf. Alhoewel daar 'n handjie vol gevalle is waar kinders negatiewe punte kry, weens ongehoorsaamheid, word daar **weekliks** sertifikate en sjokolades uitgedeel aan die kinders wat positiewe verslae het.

Graag wil ons net ons ouers daaraan herinner dat ons 'n oop-deur-beleid het en u nooit sal wegwys indien u ontevrede of bekommerd is oor iets nie. U is welkom om die skoolhoof, Me. S. van Eyk, te skakel met enige navrae rakende dissipline.

8. **Algemeen**

Rapporte sal op Dinsdag 22 September 2026 uitgegee word.

Die skool sluit op Woensdag 23 September 2026 om 11:00 en heropen weer op Dinsdag 6 Oktober 2026.

Baie dankie vir u ondersteuning gedurende hierdie kwartaal. Geniet hierdie kort, welkome vakansie met u kinders.

Vriendelike groete

MNR. M. HAVENGA
ADJUNKHOOF

# Laerskool Duiwelskloof Primary

P/Sak - P/Bag X 715 • DUIWELSKLOOF 0835
015 309 9218
Admin
admin1@klofiesdwk.co.za
Finansies/Finance
accounts@klofiesdwk.co.za
Ontvangs/Admissions
angelique@klofiesdwk.co.za

18 September 2026

***CIRCULAR 15/2026***

Dear Parent / Guardian

At the end of a busy term I would like to convey the following:

1. The Grade 6 learners had a very successful overnight trip to the Blyde Adventure Camp and we do have great appreciation for the way in which each Klofie learner behaved on the day.

2. The Grade 7 prefects enjoyed a well-deserved farewell function at the Eiland.

3. **<u>Sport</u>**

   * Swimming : Lara van Veelen was included in the Limpopo team.

   * Hockey & Mini-Hockey :

     Mini-Hockey participated in 5 tournaments and performed very well. The U/10, U/11 and U/13 Hockey teams performed excellently. The U/10 boys team went through to the semi-final. The boys played in the final. Our boys ended 2nd in the A-league in Limpopo. Congratulations to every team and coach for your hard work.

   * Tennis :

     Practice started with cricket on Mondays and Wednesdays. Learners played against Unicorn Preparatory, Tzaneen Primary and Dr. Annecke and also participated in doubles tournaments.

   * Gymnastics : Jambrecht Venter was selected for the Limpopo team.

   * Cross Country : Herman le Roux, Cobus le Roux and Nic le Roux were selected for the Limpopo team (Lima).

   * LLSV : Cobus le Roux, Nic le Roux, Khumalo Kubayi, Herman le Roux and Leané Strydom were selected for the LLSV team.

* Cycling : Our cycling team performed very well and finished 10th overall. Caleb Schwartz was selected for the Limpopo XCO team and will participate in the SA Schools in Stellenbosch on 29 and 30 September. Caleb, you make us very proud!

4. **Academic**

Learners participated in the ATKV "Lees 'n boek" competition.

5. **Reading Competition**

5 Foundation Phase learners participated in the Limpopo Championships and performed excellently. Congratulations to each learner.

6. **Culture**

* Many of our learners participated in the MDDK Eisteddfod. They achieved outstanding achievements. Congratulations!
* **Art Festivus:** We had 30 learners who participated in various items and performed very well.
* **ATKV Public Speaking (Merensky) :** 10 learners participated and gained valuable experience. The learners enjoyed the event, and we look forward to participating again next year.

7. **Discipline**

It is with gratitude that we can give feedback on the discipline of the school. We really work hard to maintain discipline in the classrooms and on the school grounds. Although there are a handful of cases where children get negative points, there are weekly certificates and chocolates handed out to the children who have positive reports.

Furthermore, we would like to remind parents that we have an open-door policy and will never turn you away if you are dissatisfied/worried about something. You are welcome to contact the principal, Ms. S. van Eyk, about any queries regarding discipline.

8. **General**

Reports will be handed out on Tuesday 22 September 2026.

The school closes on Wednesday 23 September 2026 at 11:00 and reopens on Tuesday 6 October 2026 .

Thank you for your support during this term. Enjoy this short, welcomed holiday with your children.

Kind regards

MR. M. HAVENGA
DEPUTY PRINCIPAL